



DIT IS VOLBRING

Week 11 - Leef soos 'n nuwe mens
21 Oktober 2018



Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. - 2 Kor 5:17 (AFR53)

1. 'n Seun beleef 'n nuwe leefstyl by sy vader (Lees Luk 15)

- i. Sy vader versorg hom
- ii. Sy vader beskerm hom
- iii. Sy vader gee hom weer 'n toekoms

Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind. - Luk 15:32 (AFR53)

- Die dood waarvan die vader praat is die verbreking van die verhouding tussen pa en seun en tussen broers.
- Die sonde van Adam verbreek die verhouding, maar die kruisdood van Jesus gee ons 'n nuwe leefstyl.

Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus. - Rom 5:17 (AFR53)

2. Rom 5:17 sien ons in die lewe van die verlore seun:

- i. 'n Nuwe kleed
- ii. 'n Nuwe ring
- iii. 'n Nuwe paar schoene

Dit beteken 'n nuwe leefstyl
in sy vader se teenwoordigheid

- i. Hy kyk met nuwe oë na sy vader
- ii. Hy kyk met nuwe oë na sonde
- iii. Hy kyk met nuwe oë na sy nuwe identiteit

3. In ons lewe werk dit ook so:

Die Gees wat julle ontvang het, is nie 'n Gees wat weer van julle vreesbevange slawe maak nie. Julle het die Gees van ware kindwees ontvang en deur hierdie Gees roep julle uit tot God: Abba – ons Vader. Want die Gees self bevestig teenoor ons eie gees dat ons God se kinders is. En as ons God se kinders is, maak Hy ons ook sy erfgename. Saam met Christus deel ons in God se rykdom. As ons bereid is om saam met Christus te ly, sal ons sekerlik ook deel in sy heerlijkheid. - Rom 8:15-17 (NLV)

- i. 'n Nuwe leefstyl
- ii. 'n Nuwe verhouding met God
- iii. 'n Nuwe identiteit
- iv. 'n Nuwe toekoms